

Saterdag 16 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 37

Fokusgedeelte: Genesis 37:10,

11

Elke knie sal voor Hom buig

Josef was 'n besondere kind. Al van sy geboorte af was dit duidelik. Al was hy een van die jongste kinders na Jakob, was hy – as die oudste seun van Ragel – die stamhouer (1 Kron. 5:1, 2). Al vroeg in sy lewe het hy 'n mantel gekry wat hiervan getuig. Die jas met die pragtige kleure. Ondanks sy belangrike posisie help Josef sy broers met hulle werk.

Hierdie Josef ontvang drome van God. Josef beseft dat God aan die woord is. God se woord, sy openbaring kan jy nie vir jouself hou nie. Josef is 'n seun met 'n duidelike bestemming, 'n groeiende beseft van Wie God is, en 'n mooi karakter.

Dit kan egter nie van sy broers gesê word nie. Ruben het saam met die byvrou van sy pa, Bilha, geslaap. Simeon en Levi het 'n hele stad uitgemoor. Oor Juda volg daar 'n verhaal van 'n hoer en 'n poging tot moord. Ernstige misdade. Moes Josef daarvoor swyg? Hy kan nie die onreg verdra en deur sy stilswye daaraan meewerk nie. Om dié redes kan die broers van Josef hom nie verdra nie. Die duisternis verdra nie die lig nie. Josef het die openbaring van God deurgegee en word daarvoor verstoot.

Hierin wys hy na ons Here Jesus Christus. As die hoofstuk in die lig van die lewe van Jesus gelees word, is die ooreenkomste treffend. Jesus wat die waarheid verkondig, wat in toenemende mate gehaat word. Deur sy broers is Hy verag, verkoop, uitgekleed en uitgespoeg. Jesus die Man voor Wie elke knie eendag sal buig. Hy, die Verlosser van God se volk. As uitverkore kind van God is Josef en Jesus deur die mense verstoot.

Hierin praat die Here met ons vandag. Jy moet beseft jy is 'n uitverkore kind van God op die aarde tussen die mense. 'n Ligdraer in die duisternis. Dit roep probleme op. Dit beteken dat jy deur mense verag en gehaat sal word, maar – vol van die Woord en Gees van die Here – mag jy met woord en daad getuig. As jy nie die lig versprei nie, hoe sal 'n ander dit dan kan ontdek?

Sing: Psalm 105-1:10

Ds. GP Meijer (Gerben) (Waterkloofrand)